ACVV KOEBERG TAK
Maatskaplike Dienste / Social Services

Posbus / PO Box 505
Blok/Block C, Melkbos Country Club
1 Robbenstr/Road
MELKBOSSTRAND 7437
Npo 031-483
Tel; 021 553 2745
Faks: 088 021 553 2745
acvvkoeberg@afrihost.co.za

20 Januarie 2014

I Will Be Your Voice
MELKBOSSTRAND

Vir Aandag: Rozanne Visagie

Beste Rozanne,

Ons wil weereens vir jou en almal wat betrokke was met die fondsinsamelingsinisiatief namens ACVV Koeberg en andere hartlik bedank. Die fondse wat hierdeur ingesamel is word as volg aangewend:

Ons bedryf ‘n Vroeë Kinderontwikkelingsentrum wat suiwer met donasies befonds word. Aangesien hierdie skooltjie binne 15km van die “gevaarsone” van Koeberg geleë is sal ons geen hulp van Dept Maatskaplike Ontwikkel ontvang nie. Ons gee ook werk en opleiding aan tussen 2 en 4 werklose dames van die gemeenskap (afhangende van fondse). Omdat hulle by ‘n NPO werk kry hulle die opleiding by Atlantis Kollege gratis.

35 Kinders uit die gemeenskap se minderbevoorregtes word tans voorberei vir skool sodat hulle ook in staat sal wees om na goeie skole te gaan en kan werk aan ‘n waardige toekoms. Die kinders van ons vorige klasse wat reeds hul skoolloopbane begin het kom ná skool wanneer ons hulp verleen met huiswerk. Hierdie kinders kom hoofsaaklik uit Olive Close en van die plase in ons onmiddelike omgewing. Kinders van die plase moet vervoer word, en koste daarvan plaas ook groot druk.

Al hierdie kinders ontvang dan ook 1 tot 2 maaltye per dag.

Hierdie en ander projekte van ACVV Koeberg kan nie voortgesit word sonder hierdie soort befondsing nie, so weereens, baie dankie.

Vriendelike groete,
Rina Loubser
Voorsitter, ACVV Koeberg